


SO LANK SOOS JY VERKIES



Hekel dit om 'n loper, 'n
tafelmatjie, 'n doilie of net wat jy
nodig het, te wees

BENODIGDHEDE: Ongeveer 350 g Pin-
gouin-hekelgaring Nr. 8; hekelpen van 1,75
mm.

MATE: Die loper is ongeveer 30 cm x 1,70
m.

AFKORTINGS: ks - kettingsteek; kb -
kortbeen; hlb - halflangbeen; lb - langbeen;
st(e) - steek(steke); herh - herhaal; vlg -
volgende; gs - glipsteek; sp(s) - spasie
(spasies); ls(e) - lus(lusse); p - picot (= 3

SO LANK SOOS JY VERKIES

kettingsteke, 1 glipsteek in 1e van 3 kettingsteke; bk(s) - blok (blokkies) = 3 langbene vir elke ingevulde blokkie; sp(s) - spatie [(spasies) = 2 kettingsteke en een langbeen om spatie mee af te sluit].

AANWYSINGS: Begin met 125 ks en hekel die netpatroon volgens diagram. Daar moet 41 sps in 1e ry wees.

Die lengte van die lap word bepaal deur die aantal kere wat die patroon herhaal word.

Die laaste motief moet soos 'n spieëlbeeld van eerste gehekel word.

OMRANDING: Hekel om die lap.

1e rondte: * (1 kb in lb van netwerk, 2 kb in sp) 6 keer — 18 kb gemaak — 10 ks, draai, 1 gs in die 9e kb op netrand, (die 10e kb van die 18 wat so pas gehekel is), draai; 13 kb in die 10-ks-ls*; herh van * tot * rondom. In elke hoek word 'n 10-ks-ls oor slegs 3 kb gehekel.

2e rondte: Gs tot in 7e kb van 10-ks-ls; * 8 lb in dié kb, 10 ks, 1 kb in middelste kb op netrand tussen 2 lusse, 10 ks*; herh rondom, maar hekel 9 lb i.p.v. 8 lb vir elke hoek en aan weersk van dié 9 lb moet 13 ks i.p.v. 10 gehekel word.

3e rondte: * (1 kb op lb en 1 p op hierdie kb) 8 keer, 12 kb in vlg ls, 6 kb in vlg ls, 2 ks, draai; 1 gs in 6e kb van die 12 kb wat in 1e ls gehekel is, draai, 3 kb in die 2-ks-sp, 6 kb in dieselfde ls waarin die vorige 6 kb gehekel is*; in die hoeke moet 16 kb in die 13-ks-lse gehekel word.

4e rondte: * 1 kb in 3e p van 8-p-groep van vorige rondte, 6 ks, slaan 2 p oor, 1 kb in vlg p, 7 ks, 1 lb in 2e van 3 kb in vorige rondte, 7 ks; herh van * rondom, maar in die hoeke hekel 1 kb in eerste p, (6 ks, slaan 1 p oor, 1 kb in vlg p) 4 keer.

5e rondte: 1 kb in elke kb en elke lb; 6 kb in elke 6-ks-ls en 7 kb in elke 7-ks-ls.

6e rondte: * 1 lb, 2 ks, slaan 2 ste oor*; in die hoeke hekel 1 lb, 2 ks, 1 lb in dieselfde steek.

7e rondte: * 1 kb in lb, 2 kb in ls*; in elke hoek hekel 3 kb.


8e en 9e rondte: hlb.

10e rondte: Soos 6e rondte.

11e rondte: Soos 7e rondte.


12e rondte: * 7 dsl saam deurgetrek, 8 ks, slaan 4 kb oor, 2 kb, 8 ks, slaan 4 kb oor*; herh.

13e rondte: * 1 kb in die sluit-st van die dsl, 3 p bo-op dié kb, 10 kb in die 8-ks-ls, 10 kb in vlg 8-ks-ls; herhaal en werk af.



Nuut! Maklik om te bou!

TV-PROJEKTOR



MAAK VAN U KLEIN TV-BEELD VAN ± 610 mm 'N REUSEGROOTTE VAN 2 100 mm VIR GROTER PLESIER. U VRIENDE SAL DINK U HET HONDERDE RANDE DAARVOOR BETAAL. 'N MOET IN ELKE HUIS...

Maak tjek/posorders betaalbaar aan: MAGIC SYSTEMS... en pos saam met koepoon aan: MAGIC SYSTEMS, POSBUS 17015, PRETORIA-NOORD 0116 (Pretoriusstraat 339, Pretoria)

Hierby ingesluit is my tjek/posorders ten bedrae van R

STUUR MY ASSEBLIEF SO GOU AS MOONTLIK STEL/LE.

Drukskrif, asseblief

NAAM:

ADRES:

Stad/dorp Kode

HOU 'N LEEFTYD; FEITLIK NIKS WAT KAN UITSLYT NIE; GEEN INSTANDHOUDING; VEILIG; GEEN ELEKTRIESE VERBINDINGS; GEWAARBORG OM TE WERK, OF U GELD TERUG.

AS U DIT EENMAAL AANMEKAARGESIT HET, IS AL WAT U DOEN, DIE VOLGENDE:

Plaas eenvoudig Projektor voor TV-stel van ENIGE GROOTTE, en u sien dadelik u gunsteling-programme GESTALTE KRY IN KLEUR, of S/W, vergroot teen die muur tot 2 100 mm diagonaal. Dieselfde beeldgrootte as eenhede kos nou R2 000 of meer. Geen meganiese aansluiting by TV-stel nie. Geen spesiale antenne nodig nie. Uitstekend vir VIDEOSPELE en TV-bandspelers. Elke TV-PROJEKTOR-stel word voorsien in 'n SELFVERKOPENDE pak met REUSELENS van 150 mm en GEILLUSTREERDE PLANNE met eenvoudige stap-vir-stap-instruksies en 36 TV-WENKE vir Volmaakte Beeldontvangs (Klante voorsien slegs afval-karton of -hout en opsionele skakelaar). Dis so maklik om te maak dat selfs 'n kind dit binne minute kan doen. Geen spesiale bedrewenheid of gereedskap nodig nie.

SELFDONE-SELLE BESKIKBAAR TEEN SLEGS R37,00, OF SPESIALE AANBOD VAN TWEE SELLE TEEN SLEGS R65,60 — Posgeld en AVB ingesluit

OF

WORD 'N AGENT VIR HIERDIE FANTASTIESE PRODUK WAT SUID-AFRIKA SOOS 'N VELDBRAND INNEEM... U KAPITAALKOSTE OM U OP DIE PAD NA GELUK — GELDGELUK — TE PLAAS, IS SLEGS R37,00.

Hier is dit! Dit is waarvoor u gewag, gehoop en gesoek het. Die toppunt! Die opwindendste! Die mees ongelooflike! Die verbasendste! Die kragtigste! 'n Manier om ekstra geld te verdien...

LOS AL U GELDPROBLEME VIR ALTYD OP!

... Sodra u 'n stel van ons gekoop, dit aanmeekaargesit en aan uself bewys gelewer het dat dit wel werk... dan kan u navraag doen oor Aleenagentskap in u gebied...